12. Kerklike vergaderings

Kerklike vergaderings wat onderhou word, is: Kerkraad, Klassis, Streeksinode en Algemene Sinode (KO, art 29).

Elke plaaslike kerk, d.w.s. elke kerk op ‘n bepaalde plek, is ‘n selfstandige kerk. Kerke wat met mekaar één is in Belydenis, liturgie en kerkregering moet daardie eenheid met mekaar ook prakties beleef in kerkverband. Vir die belewing van hierdie eenheid van kerke is meerdere vergaderings noodsaaklik.

12.1 Beperking van bevoegdhede

In KO, art 30 word ‘n aantal beperkinge in die bevoegdhede van kerklike vergaderings aangedui:

1. Kerklike vergaderings mag slegs kerklike sake behandel.
2. Kerklike vergaderings mag nie sake behandel wat deur mindere vergaderings afgehandel kan word nie.
3. Meerdere vergaderings mag nie sake behandel wat deur mindere vergaderings afgehandel kan word nie.

12.2 Meerdere vergaderings

Mindere vergaderings vaardig predikante en ouderlinge af na meerdere vergaderings. Hierdie afgevaardigdes ontvang van die vergadering wat hul stuur, ‘n kredensiebrief (geloofsbrief), as bewys van hul afvaardiging.

12.2.1 ‘n Kredensiebrief is ‘n bewysstuk wat ‘n mindere vergadering aan sy afgevaardigdes gee as bewys dat hulle wettig deur die betrokke vergadering afgevaardig is. Op grond van die kredensiebrief ontvang afgevaardigdes keurstem in die meerdere vergadering. Daarom is dit noodsaaklik dat kredensiebriewe noukeurig voltooi moet word; die name en ampte van die afgevaardigdes moet korrek ingevul word.

Die roepende Kerkraad van die meerdere vergadering moet let op die korrektheid van die kredensiebriewe. Sonder wettige/korrekte kredensiebriewe mag niemand sittingsreg in ‘n meerdere vergadering verkry nie, selfs al bestaan daar geen twyfel oor sy/hul afvaardiging nie. Wanneer sittingsreg verleen word aan iemand wie se kredensiebrief ontbreek of nie in orde is nie, kom die wettigheid van die betrokke meerdere vergadering met al sy handelinge in gedrang.

12.2.2 Openlike verklaring

Meerdere vergaderings kom byeen op grond van die eenheid in Belydenis, liturgie en kerkregering, waarop kerkverband berus. Hierdie eenheid word verwoord in die “Openlike Verklaring” wat aan die begin van elke meerdere vergadering gelees word. Afgevaardigdes betoon hul instemming daarmee deur op te staan. Wie weier om instemming daarmee te betuig, verbeur sy sittingsreg.

OPENLIKE VERKLARING VAN DIE SINODE
VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Die sinodale/ klassikale vergadering van die Gereformeerde Kerke verklaar openlik en elke lid vir homself soos volg:

Ons omhels van harte en met 'n goeie gewete die Formuliere van Eenheid wat deur die Sinode van die Gereformeerde Kerke in Nederland, gehou in Dordrecht in die jare 1618-19, vasgestel en uitgegee is, naamlik die Heidelbergse Kategismus, die 37 Artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Dordtse Leerreëls of 5 Artikels teen die Remonstrante as ons Belydenis en ons beloof om dit deur die genadekrag van die Heilige Gees volgens Gods Woord te handhaaf, elkeen volgens sy ampspligte.

Ook die Liturgie deur genoemde Sinode vasgestel aanvaar ons as voorskrif in die uitoefening van die heilige erediens.

Met betrekking tot die Kerkregering sal ons ons hou aan die Kerkorde van bogenoemde Sinode van Dordtrecht soos dit gewysig is deur die Sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Almal wat met ons dieselfde dierbare geloof verkry het deur die genade van die Heilige Gees en dit met ons wens te bely en te betrag nodig ons hartlik uit tot ons kerklike gemeenskap.

Ons wens is om met alle kerke in hierdie wêrelddeel en in ander lande wat dieselfde met ons bely en betrag, die innigste broederlike gemeenskap en korrespondensie te onderhou.

Mag dit die Here genadiglik behaag om sy dierbare Woord aan baie harte te heilig. Dit is die wens en bede van bogenoemde sinodale vergadering dat daardeur en deur die werking van die Heilige Gees al die uitverkorenes vergader en al die ware gelowiges in een kerklike gemeenskap verenig word (Acta 1863:8).

12.2.3 <u>Opdragte</u>

Afgevaardigdes moet ook hul “opdragte” saambring. Hierdie opdragte moet behoorlik onderteken word “deur die wat hulle stuur”, dus die afgevaardigde vergadering.

“Opdragte” sluit in beskrywingspunte, beswaarskrifte, versoeke tot revisie en appèlle wat in die agenda van die meerdere vergadering opgeneem word. In die agenda kom hierby nog die rapporte van die deputate.

Slegs dié vergadering wat afvaardig, mag opdragte vir die agenda van die meerdere vergadering deurgee; ‘n Kerkraad mag dus nie regstreeks aan die Streeksinode of Algemene Sinode opdragte deurgee, met die verbygaan van die Klassis nie; dieselfde geld toepaslik van die Klassis en die Streeksinode.

Om praktiese redes vereis meerdere vergaderings dat alle opdragte en ander stukke vir die agenda vóór ‘n bepaalde datum by die korresponderende Kerkraad/deputate korrespondensie moet wees. Die doel hiervan is duidelik: die agenda moet opgestel word en uitgestuur word aan alle belanghebbende partye vir kennisname en voorbereiding. Laatgekome stukke kan deur die vergadering in die agenda opgeneem word. Slapheid en nalatigheid moet egter so effektief moontlik uitgeroei word.

12.2.4 Keurstem

Elke afgevaardigde in ‘n meerdere vergadering het ‘n keurstem behalwe in sake wat sy eie persoon of kerk in die besonder aangaan. Keurstem is die stem wat uitgebring word in die besluitnemingsproses.

Dit beteken dat slegs wettige afgevaardigdes in meerdere vergaderings mag stem. Predikante wat nie afgevaardig is nie asook teologiese professore het adviserende stem, dit beteken hulle mag slegs advies gee. Besoekers mag deur die vergadering spreekstem verleen word, dit beteken dat hulle slegs oor sake mag praat.

12.3 Klassis

‘n Klassis is ‘n vergadering van naburige kerke wat elkeen ‘n bedienaar van die Woord en ‘n ouderling of, waar nie ‘n bedienaar is nie, twee ouderlinge afvaardig (KO, art 41). Hierdie kerke word verteenwoordig deur hul kerkrade (ouderlinge en predikant).

Wanneer geen ouderling beskikbaar is om afgevaardig te word nie, mag ‘n diaken en (in hoogs uitsonderlike gevalle) selfs ‘n lidmaat afgevaardig word. Afvaardiging van ouderlinge kan by wyse van vrye verkiesing of toerbeurt geskied.

Omdat ‘n Klassis ‘n vergadering van kerke is, is dit vanselfsprekend dat alle kerke ewe veel afgevaardigdes sal hê, sodat ‘n kleiner kerk nie deur ‘n groter kerk oorheers/oorstem word nie.

Die verantwoordelikheid van die Klassis is ten opsigte van die volgende:

- Finansies
- Klassikale ramings
- Sustentasie
- Visitasie
- Emertering van ‘n predikant
- KO, art 13 medies ongeskiktheid
- Die PGT van die predikant
- Versorging van emeriti
- Mediese hulpversorging

Die Klassis is ook nie ‘n permanente vergadering nie, maar duur slegs van konstituering tot sluiting. ‘n Volgende Klassis is weer ‘n ander Klassis, al is dit ‘n vergadering van dieselfde kerke.

Die plek en tyd van die volgende Klassis word deur die voorafgaande vergadering bepaal. Gewoonlik vergader Klassisse op vasgestelde tye.

Op die laaste vergadering van die Klassis voor die Streeksinode moet die afgevaardigdes na hierdie Sinode gekies word.

12.4 Streeksinode

Die Streeksinode is ‘n vergadering van naburige Klassisse waarheen elke Klassis ‘n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge afvaardig soos deur die Streeksinodes bepaal. Die Streeksinodes vergader jaarliks tensy dit na die oordeel van minstens twee Klassisse noodsaaklik geag word om ‘n buitengewone vergadering byeen te roep (KO, art 47).

Streeksinodes vergader jaarliks. Dit is egter nie ‘n beginsel wat afgedwing moet word nie, maar ‘n praktiese maatreël. Indien die omvang van die agenda van ‘n sekere jaar

nie die byeenkoms van ‘n Streeksinode regverdig nie (wat voorlopig deur die korresponderende Kerkraad/deputate vir korrespondensie in oorleg met die roepende Kerkraad bepaal word) hoef hy nie opgeroep te word nie. Die Streeksinode moet egter vooraf so ‘n besluit neem om die roepende Kerkraad daartoe volmag te gee. Die finale beoordeling van die agenda se omvang met die oog op die oproep van die Streeksinode of nie, behoort te geskied met advies van die Klassis in wie se ressort die roepende Kerkraad is.
Indien ‘n buitengewone of vervroegde Streeksinode noodsaaklik is, moet minstens twee Klassisse daartoe instem.

Uit die aard van die saak sal die Streeksinode wat ‘n Algemene Sinode voorafgaan, wel byeen moet kom; omdat afgevaardigdes na die Algemene Sinode, sowel as lede vir die gewone en breë kuratoriums, aangewys moet word.

Die verantwoordelikheid van die Streeksinode is ten opsigte van die volgende:
- Finansies
- Streeksinode ramings
- Sustentasie – terugrapportering oor toekennings
- Beroepbaarstelling van proponente
- Versorging van emeriti
- Kerkorde, artt 79, 80
- Christelike onderwys
- Transoranje Instituut
- Beskrywingspunte, beswaarskrifte, appèlle

12.5 <u>Algemene Sinode</u>

Die Algemene Sinode is ‘n vergadering van al die Streeksinodes waarheen elke Streeksinode ‘n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge afvaardig soos deur die Algemene Sinode bepaal. Die Algemene Sinode vergader elke drie jaar tensy dit na die oordeel van minstens twee Streeksinodes noodsaaklik geag word om ‘n buitengewone vergadering byeen te roep (KO, art 50).

Die verantwoordelikheid van die Algemene Sinode is ten opsigte van die volgende:
- Deputate rapporte
- Beskrywingspunte, beswaarskrifte, appèlle
- Finansies
- Ramings

12.6 <u>Taak van Korresponderende Kerkraad</u>

Elke meerdere vergadering benoem ‘n Korresponderende Kerkraad of deputate vir korrespondensie wat alle stukke en dokumente van die vergadering ontvang en bewaar en sy handelinge op die volgende vergadering besorg.

Die Korresponderende Kerkraad moet alle onafgehandelde korrespondensie behartig; sekere korrepondensie-items word tydens die vergadering deur die skribaat afgehandel, maar meeste van die korrespondensie wat voortspruit uit die vergadering moet deur die Korresponderende Kerkraad afgehandel word.

Verder moet die Korresponderende Kerkraad alle agendastukke ontvang.

In sy rapport aan die vergadering moet die Korresponderende Kerkraad melding maak van opdragte wat uitgevoer is en stukke wat ontvang is vir die vergadering. Die rapport van die Korresponderende Kerkraad vorm normaalweg die agenda van die

vergadering en dien gewoonlik net na die konstituering en die rapport van die Roepende Kerkraad.

Die Korresponderende Kerkraad moet ook alle dokumente veilig bewaar en die vergadering van tyd tot tyd adviseer watter dokumente na die kerkargief gestuur moet word.

12.7 Taak van Roepende Kerkraad

Elke meerdere vergadering benoem ‘n Roepende Kerkraad om die volgende vergadering op te roep en te ontvang op die vasgestelde tyd en plek of anders op die tyd en plek wat die Roepende Kerkraad in die geval van die Streeksinode, volgens advies van sy Klassis, en in geval van die Algemene Sinode, volgens advies van sy Streeksinode, bepaal.

Die Roepende Kerkraad ontvang die kredensiebriewe en kontroleer dit in die lig van die Kerkorde en toepaslike Sinodebesluite. Verder reël die Roepende Kerkraad alles in verband met die sittingstye van die vergadering, voorsiening van verversings en verblyf van afgevaardigdes.

Die voorsitter van die Roepende Kerkraad lei ook die konstituering van die vergadering.

12.8 Beskrywingspunt, Beswaarskrif, Appèl

12.8.1 ‘n Beskrywingspunt

‘n Beskrwyingspunt is ‘n voorstel wat ingedien word, waarvoor ‘n kerklike vergadering se besluit gevra word.

Voordat ‘n beskrywingspunt ter tafel geneem kan word, moet eers bepaal word of vorige vergaderings nie reeds besluite oor die saak (voorstel) geneem het nie (KO, art 46).

Ook moet, in die geval van meerdere vergaderings, vooraf vasgestel word of die saak werklik by die meerdere vergadering tuishoort en of dit nie reeds in ‘n mindere vergadering afgehandel kon word nie (KO, art 30)

In die hantering van ‘n beskrywingpunt stel die toeligter (voorsteller) die saak en gee ‘n kort motivering waarom ‘n besluit oor die saak nodig is.

Die voorsitter gee geleentheid vir bespreking. Elkeen se inset moet daarop gerig wees om die vergadering te help om tot ‘n besluit te kom. Bespreking is nie debatvoering oor verskillende standpunte nie, om te probeer om ander van ‘n standpunt te oortuig nie. Daarom behoort die Skrif, Belydenis en Kerkorde die bespreking te lei.

Besluitneming geskied by voorkeur deur onderlinge instemming (mutuo consensu), omdat die kerke een is in leer, diens en tug (vgl Ef 4:3-6 – en kerke saam hulle eenheid in Christus bely (Apostoliese Geloofsbelydenis, Belydenis van Nicea, HK 21:54, NGB, art 27).

Sekere sake mag tot gevolg hê dat besluitneming geskied met meerderheid van stemme. Hierin moet die minderheid of konformeer (saamgaan) of, indien die oortuiging is dat die besluit teen Skrif, Belydenis en Kerkorde is, die weg van beswaarskrif gevolg.

12.8.2 Beswaarskrif (gravamen)

‘n Beswaarskrif is wesenlik ‘n beskrywingspunt. Die verskil is dat dit ‘n saak waaroor besluit is, weer ter tafel bring en vra dat ‘n nuwe besluit oor die saak geneem word. Met ‘n beswaarskrif word beswaar gemaak teen ‘n bepaalde besluit, omdat die besluit strydig is met Skrif, Kerkorde of besluite wat reeds deur kerklike vergaderings geneem is. Daarom word by die betrokke vergadering wat die besluit geneem het, beswaar gemaak oor die besluit wat geneem is.
Vooraf moet egter vasgestel word of die saak by die betrokke vergadering tuishoort (KO, art 30) en of die saak nie eintlik reeds afgehandel is nie (KO, art 46). In praktyk beteken dit dat ‘n beswaarskrif nuwe inligting (materie) na die vergadering bring, wat opnuut deur die vergadering geweeg moet word.

‘n Vereiste vir ‘n beswaarskrif is dat die besluit (in dispuut) wat geneem is, korrek weergegee moet word. Daarby moet die beswaarskrif behoorlike gronde (motivering) vir beswaar aanbied, wat die vergadering moet/kan oortuig om die oorspronlike besluit te verander. Hierdie twee punte bepaal die ontvanklikheid van ‘n beswaarskrif.

In die behandeling van ‘n beswaarskrif stel die beswaarde sy saak en motiveer sy beswaar.

Bespreking volg, waarin elkeen wat deelneem, nie in debatvoering vasval nie, maar ‘n bydrae maak om die vergadering te help om tot ‘n verantwoordelike besluit te kom.

Beswaarskrifte is NIE regspraak nie. Daarom is (soos in die geval van appèl) hoor en weer hoor (repliek) nie toelaatbaar in die behandeling en besluitneming t.o.v. beswaarskrifte nie.

12.8.3 Appèl

Appèl is ‘n beroep doen op die reg (gegrond in Skrif, Belydenis en Kerkorde). Appèl word gerig van ‘n mindere vergadering na ‘n eersvolgende meerdere vergadering. Die wesenlike motivering van appèl is dat regskrenking plaasgevind het. Hierdie krenk van reg moet deur die appèl bewys kan word.

In die hantering van appèl word gevra vir regspraak.

Vir die vereistes, indiening, behandeling en uitspraak in ‘n appèl, kyk Handelinge Alg Sinode 2023:55–63.